Leipie Nuus

12-16 FEBRUARIE 2018

Nommer 4/2018

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Program vir die week

Ma 12 Februarie
Voortrekkers: Byeenkoms - Voortrekkersaal, Gloverlaan

Di 13 Februarie
Skaak: Afrigting vanaf 14:15-15:15

Wo 14 Februarie
Jnr koor: Oefening vanaf 13:40-14:30
Snr koor: Oefening vanaf 13:50-14:50
Sosiale skaak: Direk na skool tot 14:30 in Me Booyse se klas

Do 15 Februarie
Atletiek: Clusterbyeenkoms te Midstream 8:00 (indien dit reën word die byeenkoms uitgestel na 16 Februarie)
Sokkie: Valentynssokkie Gr 6&7

Vr 16 Februarie
Akademie: Leerders trek gewone klere aan vir Valentynsdag
Leipie Omgee: Insameling
Koor: Koorkamp te Wag 'n Bietjie. Vertrek 13:00 tot 18 Februarie
Rugby: o/9, o/10 oefenkamp te L/s Louis Leipoldt

Sa 17 Februarie
Rugby: o/9, o/10 oefenkamp te L/s Louis Leipoldt

Ma 19 Februarie
Voortrekkers: Byeenkoms - Voortrekkersaal, Gloverlaan
Netbal: Inligtingsvergadering om 18:00

BELANGRIKE DATUMS:
9 Februarie: **Individuele foto's word geneem**
15 Februarie: Atletiek Clusterbyeenkoms te Midstream
16 Februarie: Valentynsdag – Omgee insameling
16-17 Februarie: o/9, o/10 rugby oefenkamp te L/s Louis Leipoldt
16-18 Februarie: Koorkamp
21 Februarie: Internasionale Moedertaalonderrigdag
1 Maart: H/s Centurion opedag vanaf 17:00-20:00

UIT DIE KANTOOR:
Onthou asb as u skoolfonds teen 1 Maart 2018 ten volle vereffen word, daar 'n 10% korting is.
Op 9 Februarie word individuele foto's geneem. Alle leerders word afgeneem vir skoolrekord doeleindes. U ontvang 'n sakkie met 'n voorbeeld van die foto asook elektroniese fotokode, **gebruik asb die unieke fotokode van u eie kind.**
U is nie verplig om foto's te koop nie.
Alle betalings word direk aan fotograwe betaal. Die skool hanteer geen kontant/kleingeld nie.
Asb **GEEN** betaling in die skool se rekening nie.
NB: Leierfoto word ook geneem.

HERWIN VAN DRINKWATER VIR TROETELDIERE EN WILDE DIERE IN DIE KAAP:
Die skool beplan 'n projek om water op te vang wat afloop by die krane wanneer die leerders water drink. Leerders moet asb skoon leë 2 liter bottels, verkieslik met wye bek soos vrugtesap of koeldrankbottels skool toe bring. Ons gaan dan die water wat afloop opvang in houers, en ons leë bottels volmaak uit die houers. Die water is geskik vir diere. Daar is reeds gereël vir trokke wat bereid is om die water vir ons Kaap toe te vervoer.
Ons benodig 6 groot houers (enige groot houer) om die water op te vang wat afloop wanneer leerders water drink by krane. Ouers moet asb nie water koop of kraanwater stuur nie, ons verkies/verwelkom eerder grys- en reënwater.

Prestasies

Baie geluk met die volgende mooi prestasies:

(Vormpies en Medaljes wat uitgedeel moet word na Me A v Rensburg – Maandae voor saalopening)

Swem: Ruan Postma- Northern Tigers Swimming Mayoral Gala 2017 – 1x Brons en 2x Silwer medaljes.
Karate: Stefan Venter – oranje belt
Skaak: Stiaan Gruenenfelder- SA Skaak Kampioenskappe – goud, BARP prys.
Kumon: Lourens Nel- Internasionale Standaard Status.
Natuur: Lourens Nel- kwalifiseer as junior natuurbewaarder by Pretoria Dieretuin
Atletiek: Huissport– baie geluk aan die trofeewenners: Worpe – Ruben J v Rensburg, Spronge – Justin v Vuuren, Middelafstand – Li-Mari Dekker, Hekkies (seuns) – Justin v Vuuren, Hekkies (dogters) – Jean-Mari Riekert, Jnr Middelafstand – Mienke Dekker, Baanatleet (seuns) Justin v Vuuren, Baanatleet (dogters) Li-Mari Dekker, Kampioen v Kampioene – Paul Strydom (seuns), Jean-Mari Riekert, Snr Victor Ludorm – Justin v Vuuren, Snr Victrix Ludorm – Taenique Calitz, Jnr Victor Ludorm – William de Lange, Jnr Victrix Ludorm – Minke Dekker.
Baie geluk aan al die atlete wat aan die **Top 10 byeenkoms** deelgeneem het.
Li-Mari Dekker, Dieneke Beukes en Justin v Vuuren het eerste plekke behaal.
Sterkte aan die atlete wat aan die Clusterbyeenkoms gaan deelneem.

INTERNASIONALE MOEDERTAALONDERRIGDAG:
Woensdag 21 Februarie is Internasionale Moedertaalonderrigdag. Alle leerders gaan deelneem aan 'n skryf- en tekenkompetisie. Graad- en taalonderwysers sal dit in die klasse aan leerders verduidelik en ook papier daarvoor voorsien.
Gr 1-3 leerders se tema is: Die mooiste woord in Afrikaans vir my is….(teken met een goeie sin). **Gr 1-3** leerders moet tuis voltooi en inhandig voor/op 21 Februarie.
Gr 4-7 – Afrikaanse idioom of spreekwoord wat my inspireer is…. (vyf goeie sinne en tekening indien verkies)
Ouers word versoek om tuis leerders te help om 'n woord of spreekwoord te kies waaroor hulle wil teken of skryf.

L/s Louis Leipoldt 70 jaar – 'n stukkie geskiedenis:

Die skool is vernoem na dr Christiaan Frederik Louis Leipoldt, gebore in 1880 en oorlede in 1947. Louis Leipoldt was 'n natuurkundige, mediese dokter, joernalis, skrywer en digter, koskenner en dosent. Die skool was vanaf 1957 'n Afrikaans medium skool.

KLEREWINKEL:
Die klerewinkel aanvaar kontant, debiet- en kredietkaarte.

Ons winkel is by die Hervormde Kerk in Napierstraat 103 (skuins oorkant die Poskantoor in Lyttelton)

Ons verkoop skoolrokke, skibroeke, baadjies, sweetpakbroeke, truie, oortrektruie, kouse, gholfhemde, kriekethemde en die Gr R hemde.

Winkelure: Maandae tot Donderdae = 13:30 tot 17:30
Saterdae = per afspraak

Enige navrae Berthie van Genderen 073 1475705

ATLETIEKOEFENING:
Maandag/Dinsdag vanaf 14:00-15:00.

BRUG SPEL:
Briefies is reeds uitgegee. Enige leerder wat belangstel kan 'n briefie by Me v Rensburg kry, of briefie inhandig.

TENNIS RONDOMTALIE DATUMS:
o/10 = 16 Maart
o/11 = 23 Maart
o/12 = 13 April
o/13 = 20 April

2DE HANDSE SKOOLKLERE:
Goeie gebruikte skoolklere in Me L du Preez se klas - Woensdag 7 Februarie en Maandag 12 Februarie vanaf 07:00 - 07:30 en 13:00 - 14:15. Skenkings van skoolklere word verwelkom.

H/S CENTURION BROODJIEPROJEK:
H/s Centurion benodig ouers wat sal aanbied om soggens, van Maandag tot Vrydag, 'n kospakkie of twee te skenk vir leerders wat nie kos het nie. U kan bloot u selfoonnommer en e-posadresse vir Me King of Me Henrico stuur. Die e-posadresse van die onderskeie personeel is: ronelle@hscenturion.co.za en michelle@hscenturion.co.za.

Baie dankie

P FERREIRA
HOOF

REDEVOERING: TEMAS 2018:
Die temas vir 2018 is:
Gr 1-3
Goud, Druppeltjies, Miere
Gr 4-5
Smaak, Vingers, Drup
Gr 6-7
Uurglas, Hoop, Teken

Toesprake moet klaar geskryf en gekontroleer wees teen Woensdag 21 Februarie.

KOMMUNIKEERDER TOEPASSING:
Indien ouers nog nie bewus is van die toepassing nie – dit is 'n toepassing ("app") waarmee die skool maklik met ouers kan kommunikeer. Belangrike datums/nuus word so deurgegee.
Die toepassing kan op u selfoon, rekenaar of albei gelaai word. Die toepassing kan van u "app store" afgelaai word. Soek "D6 School Communicator" en volg die stappe.

SLAMPAMPER DRAMA:
Drama het reeds begin op Maandag 5 Februarie. Alle roosters moet nou ingeplak wees.

SPORTSAKKE/RUGBYSAKKE/PETTE/"VISORS":
Inligting en foto's is op die webblad en kommunikeerder beskikbaar. Bestelvorm is reeds uitgestuur. Laaste dag vir bestellings is 15 Februarie.

BORGE:
Indien daar ouers is wat as borge van die skool wil optree, kontak asb Me v Rensburg by die kantoor.

GRAAD 7 TRUIE:
Alle Gr 7 leerders mag in 2018 'n trui dra wat geborduur is met Gr 7 en LL logo. Handig asb moulose-/langmoutrui in 'n sak met naam op en R15 ingesluit by Me v Rensburg in vir borduurwerk. Dit neem ongeveer 1 week.

KIX KLUB:
Ons verwelkom die nuwe skolewerker wat Woensdae die KIX klub gaan hanteer. Hy is Heinrich Roelofse. Hy is 'n teologie student by Doxa Deo en betrokke by jeugbediening. Sien die skakel vir die webblad van TREE - Transforming Educational environments. KIX klub staan vir Kinders in Christus - by H/S Centurion staan dit bekend as TIX - Tieners in Christus. Alle leerders van Gr 4 - 7 is welkom om Woensdae eerste pouse in die saal byeen te kom vir bediening en lofsang.